# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

11 Januarie 2026



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325




## Baie Welkom by vanoggend se erediens!

Spesiale welkom aan nuwe lidmate en besoekers!

### Mag jy tuis wees in die Hoogland Geloofsfamilie.

Die leraar(s) wil jou graag ontmoet - kom maak asb. kennis na afloop van die erediens, voor in die kerkgebou of gaan gesels gerus met die Gemeentedienste dame in die Voorportaal met enige navrae.
(Sy staan by die tafel by die Hoofingang.)

Kontak gerus Annalize in die kerkkantoor (of besoek @ www.pehoogland.co.za) sodat ons jou besonderhede kan kry en met jou kontak kan maak.
Neem gerus 'n "Nuwe Intrekkers" koevert in die brosjure vakkies.



# Program van die dag

09:00 Oggenddiens - Bevestiging van Kerkraadslede: Ds Pieter Nel
16:30 Toewydingsweek @ Buffelsfontein
18:30 Toewydingsweek @ Kerk gebou

*Deurkollekte: Buffelsfontein Afree-oord*

# Algemeen

## Program vir die week:

Sien gerus u 2026 Jaarprogram.
Beskikbaar by Gemeentedienste of by die Kerkkantoor.

Snap here to pay
SnapScan

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

## Gebedsversoeke

Onthou asseblief dat enige gebedsversoek met groot vertroulikheid per *WhatsApp* gestuur kan word na 079 815 9325. Ons bid graag saam met u.

# Toewydingsweek 2026

Elkeen is hartlik welkom vir lekker selfhelp-kuierkoffie elke aand vanaf 18:00 in die Voorhuis. Kom sommer gemaklik soos jy van die werk af kom.



## Bevestiging van Nuwe Kerkraadslede

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vanoggend as Kerkraadslede by Hoogland bevestig word:
Johann Bakkes, Leané Bonthuys, Estienne Cronje, Rita Erasmus , Albert Heunis, Albrecht Herholdt, Richard Moore, Johann Muller, Mirisa Naude, Werner Nel, Reinette Strydom en Tommie van der Mescht.

U voorbidding word vir elkeen vir die nuwe en huidige Kerkraadslede gevra vir die taak wat aan hulle toevertrou is.

## Opdatering van Persoonlike Inligting

Van tyd tot tyd merk die Kantoor op dat lidmate se persoonlike besonderhede verander het — dalk ʼn nuwe selfoonnommer, e-posadres of selfs ʼn nuwe woonadres. Elke lidmaat word vriendelik herinner dat u asseblief sal onthou om enige veranderinge ook by die Kerkkantoor op te dateer.
U is ʼn kosbare deel van die geloofsfamilie en die kerkkantoor wil graag altyd met u in verbinding bly. Indien enige van u besonderhede in die afgelope 6 maande verander het, veral ʼn nuwe selfoonnommer of e-posadres, laat weet asseblief vir Annalize in die kantoor.

Indien u nog nie deel is van die gemeente se *WhatsApp*-groep nie, word u genooi om aan te sluit. Stoor asseblief hierdie nommer 079 815 9325 as kontak op u foon. Stuur dan u naam en selfoonnommer na **hiérdié nommer** sodat u weekliks al die belangrike kommunikasie vanuit die Kerkkantoor kan ontvang.

*By gemeentedienste, asook by die brosjure-vakkies, is daar voortaan Inligtings-kaartjies beskikbaar. Hierdie kaartjies kan ingevul word indien u byvoorbeeld hos-pitaal toe gaan, 'n besoek of kontak van 'n leraar verlang.*

*Voltooi dit gerus en laat dit asseblief by die Gemeentedienste-tafel by die Hoof-ingang. Die leraar / kantoor sal u so gou moontlik daarna kontak.*

## Gaan jy dalk hospitaal toe??



Onthou asseblief om die Kerkkantoor in kennis te stel of stuur ʼn *WhatsApp*-boodskap na 079 815 9325, indien u gehospitaliseer word, sodat die hospitaalspan u kan ondersteun.

# GVG 2026

## Geloofsvormingsgroepe 2026 : Ouerontmoeting Sondag, 18 Januarie

Alle GVG-ouers word vriendelik uitgenooi om **saam met jou kind/jongmens** die **spesiale GVG-erediens** by te woon, **Sondag om 09:00**.
Kinders en jongmense word genooi om **jou skooltas** saam te bring of daardie **een vak se boeke** waarvoor ons ekstra kan bid hierdie jaar.
**Graad 1-maats:** Hoogland wil op 'n besonderse manier vir julle bid – trek gerus jou **nuwe skoolklere** aan en bring jou skooltas saam.
**Direk na die oggenddiens** ontmoet ouers en kinders vir **Di Pieter & Sunell** in die kerkgebou vir die **groepindeling** sowel as 'n **ouer-ontmoetingsgeleentheid**.


### NUWE MAATS

Indien u bewus is van nuwe intrekkers in u buurt, in u kind se klas of ander maats wat graag by Hoogland se GVG wil aansluit, nooi hulle gerus saam na die GVG ouer-ontmoetingsgeleentheid en laat weet asseblief vir **Annalize** in die kerk-kantoor, sodat hulle gekontak kan word.

## *Het jy idees, energie en 'n passie om dinge te laat gebeur?*

Hoogland is opsoek na kreatiewe persone, entrepreneurs, besigheidsmense en almal wat hou van organiseer om deel te word van **Hoogland se Fonds-insamelings komitee**.
Kom meld aan en deel jou talente, idees en energie om opwindende projekte te identifiseer en te laat groei om 'n verskil in Hoogland te maak.
Gesels gerus met een van die leraars of met Leandra by die kerkkantoor – ons sien uit daarna om jou by ons span te hê!

## Hoogland dink aan ...



Met diep leedwese dink Hoogland aan die gesinne van ons geliefde lid-mate wat onlangs van ons af weggeneem is:
**William Bownes, Evenlyn van Dyk, Nova van Niekerk en Danie van Rooyen.**
Mag God hulle troos en vrede bring in hierdie tyd van verlange.

Manne kom begin 2026 op die regte manier! Vrydag, 16 Januarie om 05:15 in die Jeuglokaal. Kom kuier & bid saam!!


## Hoogland Manne

elke Vrydagoggend 05:15
@ Hoogland Jeuglokaal



Kom kuier gerus saam om God se woord met 'n **goeie beker koffie**!!

**ALMAL IS WELKOM**



## Doopkursus

**@HOOGLAND**

### Ouers & Voornemende ouers

Indien ouers by Hoogland wil doop, of êrens van voorneme is om hul baba hier te kom doop, is 'n 4-weke doopkursus `n vereiste.

### Doopkursus datums vir 2026:

- 5, 12, 19, 26 Februarie
- 4, 11, 18, 25 Junie
- 6, 13, 20 Aug & 3 Sept
- 8, 15, 22, 29 Oktober

Bespreek by **Leandra** in die kerkkantoor:

- Skakel - 041 367 1485
- Epos - leandra@pehoogland.co.za
- WhatsApp - 079 815 9325



## Skryfbehoeftes

... vir 'n kind wat met min begin.

**Koop asseblief ietsie ekstra vir 'n kind wat met min begin...**

potloodsakkies / blou penne / HB potlode / pacer-potlode / uitvieërs / liniale / skêre / skerpmakers / inkleurkryte / uitdraai inkleurkryte / koki-penne / inkleurboeke / "20p flip files" / pritt / 192 bl hardebandboeke / oortrekpapier / ens.

**Bring saam na Sondag se erediens of kom gee af by die Kerkkantoor.**



Hoogland se bid saam vir die nuwe skooljaar!

# Welkom by

# Hoogland se Skoolsakseën 2026

## Sondag, 18 Januarie om 09:00

**09:00** Familiediens : Gr 1's Skoolsakseën vir die grootskool

**10:00** GVG Ouerontmoeting & Groepindeling

- **Gr 1's** trek jou nuwe skoolklere aan
- **Voorskool - Gr 7** bring jou tas saam
- **Gr 8 - 12** bring *daai* 1 vak se boeke wat jou nagmerries gee / waarna jy nie uitsien nie saam.